




Wie is ek?

TEMA 1

BABY & TOTS
GUIDE

18-36 MAANDE

© Kopiereg Baby & Tots Guide 2018

TEMA 1

Week 1 en 2

WIE IS EK?

Begin met gebed en kort gesels oor Liefde vir Jesus 2

Temabespreking: Wie is ek? 2

Konsep: Groot en klein 3

Rympie: My gesiggie is vol sproete 3

Stimulasie aktiwiteite vir 10 dae 4

Stories:

Jannie se groot geskenk 6

Saartjie se pienk rokkie 7

Die tweeling se verjaarsdag 8

Oupa en ouma kom kuier 9

Ons speel huis-huis 10



INHOUDSOPGAWE

Wie is ek?



Gebed:

Dankie Jesus dat ons u kan leer ken en liefhê, dat U altyd by ons is, ons oppas en vir ons sorg. Amen

Geestelike waardes

Liefde vir Jesus

Jesus was ook 'n klein kindjie soos ons wat gespeel het en by sy mamma en pappa gebly het. Maar hy het ons geleer om as iemand met ons baklei om nie terug te baklei nie maar om te sê baklei is verkeerd. Ons moet ons speelgoed deel en altyd vriendelik wees teenoor ons maatjies. Dink aan Jesus wanneer jy speel en behandel jou maatjies soos jy Hom sal behandel, want Hy is altyd by jou.

Opskrif:

Wie is ek?

Prente:

Seun en dogter teen die muur geplaas net buite bereik van peuters



Besprekings punte vir 10 dae:

Week 1

- Dag 1 Wat is my naam?
- Dag 2 Wat is my van?
- Dag 3 Hoe oud is ek?
- Dag 4 Is ek 'n seuntjie of 'n dogtertjie?
- Dag 5 Waarvan hou ek?

Week 2

- Dag 6 Is my hare kort of lank en wat is die kleur van my hare?
- Dag 7 Het ek sproete, hoe lyk sproete?
- Dag 8 Is my oë bruin, blou of groen?
- Dag 9 Wie bring en kom haal my by die skool?
- Dag 10 Waarmee speel ek graag?

Elke dag vir 10 dae

Sê elke peuter se naam en van terwyl hulle staan en elkeen saggies op die kop geraak word.



Konsep:

Groot en klein

Plaas 'n groot en klein bal langs mekaar en wys na die groot bal en sê: "groot bal". Wys dan na die klein balletjie en sê: "klein balletjie". Doen dit elke dag vir 2 weke met ander voorwerpe soos groot blok, klein blokkie, juffrou is groot, jy is klein, groot en klein poppe, lepels, bakke, ens.


Wys juffrou se groot hande en voete teenoor peuters sin. Sê elke keer groot en klein.

Rympie:

Sit by peuters en wys eers 'n prentjie, of indien daar 'n peuter met sproete is, wys en sê sproete.

Herhaal rympe baie gedurende die 2 weke.

My gesiggie is vol sproete
My haartjies is so rooi
Ek dra 'n blomme rokkie
Met linte baie mooi



Stimulasie aktiwiteite vir 10 dae:



- Dag 1** Laat peuters in 'n ry staan. Seuntjies in een ry en dogtertjies in 'n ander ry. Peuters leer ook so hulle geslag.
- Dag 2** Kleurpersepsie: Plaas groot rooi en geel karton sirkels op die mat. Plaas rooi en geel blokke op die mat. Peuters moet 'n rooi blok op die rooi sirkel en 'n geel blok op die geel sirkel plaas.
- Dag 3** Krabbel op afvalpapier terwyl peuter by die tafeltjie sit.
- Dag 4** Sorteër harde en sagte speelgoed.
- Dag 5** Sing 'n liedjie terwyl peuters hande klap en probeer saam sing.
- Dag 6** Plaas 'n groot en klein bal uit. Vra peuters om eers die groot en dan die klein balletjie te gaan haal.
- Dag 7** Gooi 'n groot bal direk in peuters se arms 'n halwe meter van hul af. Hulle moet die bal probeer terug gooi.
- Dag 8** Stop 'n plastiese sak vol koerante en hang hom op. Gee aan peuter 'n karton rol(kombuispapier/foelie) om die sak te slaan. Laat peuter eers met albei hande vashou.
- Dag 9** Plaas merkers (kegels) uit. Peuters hardloop om die merkers en terug. Wanneer hulle 'n dromslag hoor, moet hulle vinnig sit.
- Dag 10** Speel- hoe borsel ons tande? - Met peuters.
Ons stap badkamer toe, haal tandeborsel uit houertjie, sit tandepasta op en borsel ons tande, voor, agter, bo, onder. Spoeg die tandepasta uit, neem 'n sluk water, spoel ons mond en spoeg uit.

Aktiwiteite wat reeds gedoen is as hoofaktiwiteit moet die volgende dag herhaal word as 'n ekstra aktiwiteit of as byaktiwiteit.


Stories & Musiek:




Alle grafieka wat benodig word vir die stories is by die dokument bygevoeg.

Jy gaan die volgende Materiale benodig:

- Skêr
- Kleefband
- Sosatie Stokkies



Knip elke figuur uit om die rante met n skêr



Plak n sosatiestokkie aan die agterkant van die uitgeknipte gedeelte



Jannie se groot geskenk



Jannie is 'n seuntjie wat baie hartseer is want hy het nie 'n maatjie nie.

Pappa het dadelik 'n plan. Hy ry dorp toe en gaan koop vir Jannie 'n maatjie.

Pappa kom met 'n groot boks met 'n strik op by die huis en roep Jannie.

Toe Jannie die boks sien is hy baie opgewonde.


Hy maak hom sommer dadelik oop.

Daar steek 'n koppie uit en begin fyn blaf geluidjies maak.

“Dis 'n hondjie, dis 'n hondjie!” sê Jannie “My beste maatjie”. En dadelik is al die hartseer weg.



Saartjie se pienk rokkie



Saartjie is 'n dogtertjie wat baie graag mooi rokkies en skoentjies aantrek.

Haar gunsteling rokkie is pienk.

Saartjie wil net die pienk rokkie aantrek.

Mamma moet darem die rokkie was want hy word vuil.

Saartjie huil wanneer mamma 'n ander rokkie wil aantrek.

Mamma het 'n plan.

Sy sê Saartjie kan een dag haar pienk rokkie aantrek en die ander dae kan sy van haar ander rokkies een self kies wat sy wil aantrek.

Saartjie is baie bly want nou kan sy self haar rokkies kies.

Die tweeling se verjaarsdag



Dit is Jannie en Saartjie se verjaarsdag.

Hulle is 2 jaar oud.

Mamma het 'n pragtige koek gebak en lekkertjies en koeldrank gekoop.

Mamma het vir Nina en Jannie se maatjie Franco genooi.

Hulle kan nie wag dat hulle maatjies moet kom koek eet en speel nie.

Saartjie het 'n poppie met 'n pienk rokkie gekry en Jannie 'n mooi bloedrooi trokkie by hulle maatjies vir geskenke.

Saartjie en Jannie het so lekker verjaarsdag gehou saam met hulle maatjies.

Oupa en ouma kom kuier



Ouma en oupa kom kuier vandag en Saartjie is baie opgewonde

Ouma maak vir Saartjie die mooiste rokkie en oupa het vir Jannie 'n verrassing.

Die kinders wonder wat dit kan wees.

Oupa haal 'n lang ding agter uit die kar.

Jannie skree opgewonde: "Dis my visstok!"

"Saartjie kom kyk! Kom kyk!" sê Jannie

Oupa dink Jannie word nou groot genoeg om sy eie visstok te hê. Hy is mos 'n seuntjie.

Jannie kan nie wag om saam met oupa te gaan visvang nie.

Ouma en Saartjie het lekker koekies gebak terwyl Jannie en oupa vis gevang het.

Ons speel huis-huis



Saartjie en Jannie is boetie en sussie

Hulle is baie groot maats. Hulle is 'n tweeling.

Dis baie lekker vir hulle.

Hulle speel saam en gaan saam skool toe.

Hulle is ook in dieselfde klas.

Hulle het allerhande lekker speelgoed in hulle speelkamer.

Jannie speel graag met sy treintjie en blokkies.

Hy bou vir sy treintjie spore, pappa het hom baie mooi gewys hoe hy dit moet doen.

Saartjie sit by die tafeltjie en teken vir mamma en pappa baie mooi prentjies

Wanneer Saartjie en Jannie saam speel, speel hulle (huis, huis)

Saartjie is mamma en Jannie is pappa.

Hulle hou ook daarvan om mamma en pappa se skoene aan te trek dit laat hulle groot voel.